MOSIE: INSAKE AANTYGINGS VAN NEPOTISME TEEN DIE US REKTOR PROF WIM DE VILLIERS

Die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch ("US") –

Versoek die Rektor en die Registrateur van die US om uit hul onderskeie poste te bedank aangesien hulle klaarblyklik nie instaat is om hul betrokkenheid by 'n ernstige nepotisme klagte te ontken nie, en dat hierdie gedrag veral onaanvaarbaar is gegewe die geweldige vlakke van korrupte leierskap in ons land.

In die lig van die US se poging om as wereldklas-universiteit bekend te staan, en gegewe die internasionale presedent dat die rektor van 'n prominente Australiese universiteit wat hom aan soortgelyke gedrag as die Rektor skuldig gemaak wel bedank het, versoek die Uitvoerende Komitee dat die Rektor en die Registrateur daardie voorbeeld volg en wel bedank. (skakel: https://www.brisbanetimes.com.au/national/queensland/uq-nepotism-scandal-time-for-a-fresh-start-says-bligh-20111216-1oybi.html).

Betreur dit verder dat die Rektor nie die nepotisme klagte aan die Senaat geopenbaar het alvorens laasgenoemde 'n mosie van vertroue in hom aanvaar het nie.

Betreur die feit dat die Senaat die Raad probeer beïnvloed het om nie 'n wantroue mosie in die Rektor te aanvaar nie, boonop uitgaande van die verkeerde veronderstelling dat die Verslag van die Menseregtekommissie, waarvolgens die US skuldig bevind is aan verskeie menseregteskendings, die enigste basis vir die mosie is.

Betreur dit dat die Senaat, in 'n deursigtige poging om die Rektor te beskerm, met alumni gekommunikeer het sonder om met die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie daaroor oorleg te pleeg of die Uitvoerende Komitee te ken in die proses.

*Hierdie versoek volg, ter slotsom, na oorweging van die herhaaldelike swak oordeel en bestuurs-styl van die Rektor wat die beeld van die US skaad deur:*

a) Vermelde nepotisme,

b) Die Registrateur se aanvaarding van verantwoordelikheid vir die nepotisme deur die Rektor,

c) Die betreurenswaardige misbruik van Alumni-kommunikasiekanale ten gunste van partye wat die Rektor se bestuur goedkeur,

d) Die MRK-bevinding rondom menseregteskendings van 15 Maart 2023,

e) Die koshuisekwessie.